HOE OM JOU GELOOF TE VERSTERK

DIE PROBLEEM

- "Alles is moontlik as julle glo" Markus 9:23-24
- "Gee ons meer geloof" Lukas 17:5-6

WAT IS GELOOF ?

- Is dit iets wat ons het, of iets wat ons doen?
- Het elke persoon geloof – of slegs 'n uitgesoekte minderheid?

TWEE SOORTE GELOOF

- Natuurlike geloof
  · Aannames wat ons maak tov die wêreld waarin ons lewe
- Geestelike geloof
  · Aannames wat ons maak tov God en die onsigbare sfeer
- Hoe sou jy geloof definieer?
  · *Geloof is 'n oortuiging wat ons gedrag bepaal*
  · Ons geloof word dikwels ongeldig bewys deur ons optrede

'N BESKRYWING VAN GEESTELIKE GELOOF

- 'n Vaste vertroue op wat ons hoop Hebreërs 11:1(a)
  · Geloof maak die toekoms 'n werklikheid Romeine 8:24
  · Dit is die "bewys" van ongesiene dinge Hebreërs 11:1(b)
- Wat is die verskil tussen natuurlike geloof en geestelike geloof?
  · Natuurlike geloof word gereeld bevestig
  · Geestelike geloof kan nie bewys word nie vgl. 1 Petrus 1:8
  · Dit is waarom soveel gelowiges geestelike "ervarings" soek om hulle geloof te bevestig
  vgl. Johannes 20:29

WAAROP BERUS GEESTELIKE GELOOF ?

- Alleenlik en slegs op God se Woord Romeine 10:17
  · Die Gesproke Woord bv. Handelinge 27:21-25
  · Die Geskrewe Woord bv. Lukas 4:4-12
- Dit is nooit gebaseer op :
  · Ons begeertes en wense nie bv. Filippense 2:24
  · Ons verstandelike inspanning nie vgl. Daniël 3:17-18
- Die teenoorgestelde van geloof is:
  · God se Woord doelbewus verontagsaam bv. Genesis 4:3-7
  · Optree soos ons voel, en nie volgens God se Woord nie bv. Genesis 3:6

GELOOF IS IETS WAT ONS DOEN Jakobus 2:14

- Abel het God geglo tov aanbidding Hebreërs 11:4
- Noag het God geglo tov oordeel Hebreërs 11:7
- Abraham het God geglo tov Isak Hebreërs 11:19
- Josua het God geglo tov oorwinning Hebreërs 11:30

Die gemeenskaplike faktor is dat hulle almal <u>opgetree</u> het na aanleiding van wat God gesê het

LW: Geloof begin altyd by wat God gesê het bv. Johannes 4:50
Geloof word nie deur "ontvangs" bevestig nie Hebreërs 11:13,39

Dr Arnold Mol

WAT MOET ONS GLO ?

1. Wat God in die verlede gedoen het
   - Jesus se versoeningsdood en opstanding 1 Tessalonisense 4:14
   - Ons reaksie : Bekering Handelinge 2:38 vgl. 1 Johannes 2:4

2. Wat God in die toekoms sal doen
   - Hy sal ons verheerlik 1 Petrus 5:4 vgl. Openbaring 3:21
   - Ons reaksie : Heilig lewe 1 Johannes 3:3

3. Wat God in die hede doen
   - Hy voltooi Sy werk in ons Filippense 1:6 Romeine 8:28-29
   - Ons reaksie : Onderwerping aan Sy wil en dissipline 1 Tessalonisense 4:3 vgl. Heb. 12:10

4. Wie God is, eerder as wat Hy gaan doen
   - 'n Liefdevolle Vader wat in beheer is Matteus 10:29-31 1 Petrus 5:7
   - Ons reaksie : Danksegging Filippense 4:6

DIE KRAG VAN GELOOF

- Die krag lê nie in ons geloof nie, maar in God
  · Voorbeeld : Die vader van die besete seun Markus 9:24

- Geen antwoord, beteken nie 'n gebrekkige geloof nie
  · Voorbeeld : Die vriende van die verlamde man Lukas 5:20

DIE GAWE VAN GELOOF

Definisie : *"Die vermoë om iets te sien wat God gedoen wil hê, en die onwrikbare oortuiging dat God dit sal doen ongeag die skynbaar onoorkomlike struikelblokke"*

- Dit berus op innerlike oortuiging (Die Gesproke Woord)
  · Voorbeeld: Elia op die berg Karmel 1 Konings 18

- Nie almal kry hierdie gawe nie 1 Korintiërs 12:9,29

- Ons moet hou by die Geskrewe Woord 1 Korintiërs 4:6 (OV)
  · Die Skrif dra groter gewig as ervaring bv. 2 Petrus 1:19

HOE VERSTERK JY JOU GELOOF ?

1. Vul jou gedagtes met God se Woord Josua 1:8a
   - Daaglikse stiltetye is onontbeerlik Psalm 119:147

2. Wandel in gehoorsaamheid aan God se Woord Josua 1:8b
   - Geloof word altyd bevestig deur optrede Jakobus 2:17

DIE IMPLIKASIES VIR GEBED

1. Het God belowe Hy sal dit doen? Romeine 4:20-21
2. Wil ons dit vir Sy eer hê? Johannes 14:13-14
3. Stem dit ooreen met Sy wil? 1 Johannes 5:14

As die antwoord "Ja" is, sal Hy "Ja" antwoord
As die antwoord "Nee" is, sal Hy "Nee" antwoord
As ons nie weet nie, laat ons dit aan Hom oor

Dr Arnold Mol

TOEPASSING OP SPESIFIEKE AREAS

1. Veiligheid en sekuriteit
   - God het nie belowe om ons van moeilikheid te weerhou nie Johannes 16:33
   - Maar Hy het wel belowe om ons beproewinge te beperk 1 Korintiërs 10:13

2. Genesing
   - God het nie belowe om almal te genees nie bv. Filippense 2:27
   - Maar ons kan vir genesing vra sodat Hy verheerlik word
     · Byvoorbeeld, die blinde man Johannes 9:3

3. Materiële welvaart
   - God het ons nie rykdom belowe nie vgl. 1 Timoteus 6:6-10
   - Maar Hy het wel belowe om in elke behoefte te voorsien Matteus 6:31-33

GEVOLGTREKKING

Leonard Ravenhill in "Why Revival Tarries" :

"Een van die dae sal 'n eenvoudige persoon die Woord van God optel, dit lees, en dit glo. Dan sal die res van ons verleë staan."

- - - o 0 o - - -

Dr Arnold Mol